

# Die Lewende Kerk



**'n Lewe van Oorwinning**

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron  
Sondag 13 September 2015

## **Baie Welkom by ons Erediens!**

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur dr Leon van Niekerk

Lees: Hebr. 10: 19 – 25

Fokus: Hebreërs 10: 19 – 22

Met vrye toegang na God toe terug: opreg en vol vertroue.

### **Omgee:**

- Pastor Gordon Calmeyer is nog baie verswak en het laas Sondagoggend flou geword terwyl hy preek.
- Susan Botha is met 'n melanoom kanker gediagnoseer en moet gaan vir verdere behandeling.
- Vanoggend (13 Sept) om 10:00 is daar 'n heruitsending op SABC 2 van die Hosanna program wat handel oor die bediening van Bergbron.

### **Offergawes:**

Kollektes tydens die diens:

Diakonie sakkie 'D' gemerk: Vir die versorging van behoeftiges.  
Ongemerkte sakkie: Vir instandhouding van die erediens.

## Afkondigings: ☀

- Ds Stephan se **katkisasiegroep** kom vanmiddag om 16:30 in die kuierkamer bymekaar. Om 17:30 begin die JAM byeenkoms.
- Fanie Olivier word ter approbasie as ouderling aan die gemeente voorgehou.
- **Kursusse** vir die res van die kwartaal: 11-13 Sept Oorwinnaars Reitz; 19 Sept Arise Bergbron; 18-20 Sept Oorwinnaars Alberton.
- Die **Lente-ete**, 'n Bring & Braai vir ons senior lidmate, se datum is nou **Woensdag 23 September**, by die kerk. Pap en sous, brood en slaai sal voorsien word. Die vleis en drinkgoed bring elkeen self, asseblief. Die braaivleisvuur sal teen 11:00 aangesteek word. Almal bo 60 is welkom, laat weet asseblief vir Ankie of vir Hilda Schourie sodat ons getalle kan bepaal.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** skink Groep 5, Michelle, Lunette, Welna en Anjé. **Volgende Sondag** skink Groep 1, Elzette, Hilda, Susan, Mariëtte.
- Indien jy 'n **Almanak 2016** wil bestel, betaal asb. **voor of op 25 Okt** R 70 per eksemplaar in by Ankie. Jy kry weer 'n hele jaar se Dagstukkies as bonus saam met die inligting oor al die kerke in ons verband.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, [kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za) of sms na 072 651 8286).

## Foto's van lidmate

Stuur asseblief 'n kop-en-skouers foto of 'n gesigfoto van jouself per whatsapp of per e-pos – met jou naam en van – na Ankie. E-pos na [kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za). of whatsapp by 072 651 8286.

## Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n attestasie of bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

## Lekker verjaar ...! 🕯

Verjaardae in die week:

16/09 WERNER CROUCAMP	082 343 1609	
16/09 NELLIE GRIMBEEK	082 428 4902	
16/09 JACQUES MOOLMAN	072 277 0036	
17/09 SOEKIE JANSEN VAN VUUREN	083 489 1520	011 673 2674
19/09 STEPHANIE ROODT	082 728 1060	

# Mag die Here jou oorvloedig seën

## Die uur wat die wêreld verander

Die elfde aspek van gebed (12 in totaal):

**Luister is 'n periode waarin jy opdragte van God ontvang, waar jy Hom vra om vir jou dinge te wys wat Hy wil hê dat jy moet raaksien en aan aandag gee.**

*Moenie te gou praat nie, moenie oorhaastig 'n belofte aan God maak nie, want Hy is in die hemel en jy op die aarde. Laat jou woorde daarom min wees. (Pred.5:2 )*

- Dit is om na die innerlike stem van die Heilige Gees te luister.
- Waar jy vra: Wat is daar wat U wil hê ek moet doen? Wat is U wil vandag?
- Om leiding uit die Woord te soek.
- Om God doelbewus te vra om sy wil en strategieë/planne aan jou bekend te maak.
- In afwagting op die Here gaan dit om God *lief te hê*. Tydens oordenking wil ons meer van God leer. In die periode van *luister* wil ons hoor wat God vir ons wil sê. In hierdie periode vra ek “ *Here wat verwag U van my, wat is U wil vir my?*”
- Jy kan ook vir die Here spesifieke vrae vra, miskien moeilike vrae waarop jy nie antwoorde het nie. Wees sensitief vir die Heilige Gees.
- Wees versigtig om sommer vinnig te sê “ *Die Here het dit en dat vir my gesê.*”

## Nasionale Dag van Verootmoediging

**13 September 2015 en daarna.**

- Die doel van die dag is om as 'n Nasie te bely en te vra vir Vergifnis, heling en dat geregtigheid in Suid-Afrika herstel sal word en om ons Nasie te sien herleef..
- Hierdie is 'n tyd van verandering waar ons as Nasie in eenheid bymekaarkom, verander en ons pragtige land en tuiste, Suid-Afrika gered word.
- **Waarvoor om te bid:**  
Geestelike ontwaking van die Kerk – *Jesaja 62:6-7*  
Verlossing van die ongereddes – *Handelinge 15:16*  
Sosiale geregtigheid – *Lukas 18:7-8*  
Gemeentesake – Arise geleentheid op 19 September; Koinonia (eenheid); finansies
- **Voorstelle:**  
Van die Gebedsbediening se kant af het ons die week 13 tot 20 September bespreek om verantwoordelikheid te neem en te bid! Ons hoef egter slegs vir 1 uur in gebed per dag deel te neem aan die inisiatief van “*7 Dae teen die Muur*”.  
Gebedsketting: Lidmate neem elkeen 15 minute per dag om vir die genoemde sake

te bid. Ons vorm 'n ketting, lidmate sluit by mekaar aan, sodat ons een uur per dag in gebed is. Indien meer as 4 mense per dag wil bid, is dit net 'n bonus.

## Potjiekosdag – 31 Oktober 🍴🌞

Hou solank die datum gemerk in jou dagboek! Ons gaan weer die lekkerste potjies aan die Wesrand maak en saam kuier. Sê gerus vir Johan van Jaarsveld as jy ook 'n potjie kan maak.

## Ander Nuus

- Die volgende onderhoud met die redakteur van Die Kerkblad oor Pretoria FM word DV op 20 September uitgesaai. Luisteraars kan daarna luister op 104.2 MHz of T V oudiokanaal 887.
- Jy kan wegneemetes elke Vrydag bestel wat deur Ons Huis Tehuis vir Bejaardes verskaf word by tel. 011 672 5018. Vrydag, 18/09 is dit pannekoek (Lys op kennisgewingbord.)

## Jy kan help...asseblief

- Daar is geleentheid om **persoonlike gebedsversoeke** te gee deur dit in die houer te gooi wat gemerk is op die tafel – Gerhard vra indien die Here jou gebed verhoor het kan jy iets soos 'n blom op die tafel kom sit as teken.
- Die **swart krat** vir blikkieskos donasies wat agter in die kerk gestaan het, gaan meer prominent wees sodat ons kan onthou om nie-bederfbare items te bring.

## Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** [www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,

[stephan@bergbron.org.za](mailto:stephan@bergbron.org.za)

Musiekdiensgroep – Anneliese Marshall: 082 524 6414 of 011 678 3966,

[marshall.anneliese@gmail.com](mailto:marshall.anneliese@gmail.com)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, [vernonfor.vf@gmail.com](mailto:vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 53 79770

**Bankbesonderhede:** Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

[kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za)

**Diakens:** kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480;

Pierre Douglas 083 307 8865; Jacques Moolman 072 277 0036; Willie Volschenk 082 777 7734.

